**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**



# Die Basuin

**24 FEBRUARIE 2019**

**Predikant: Ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1840**
**Sel: 082 809 0222**
**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

## Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD

**OGGENDEREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Lukas 19: 1 - 10

**Tema** Van uitgeworpene tot begenadigde

Skrifberyming 1-1: 6,7
Psalm 9: 1, 10
Skrifberyming 12-2: 1, 2
Skrifberyming 14-3: 2, 4
Psalm 105: 5
Psalm 145: 4, 5, 7

EREDIENSTE VANDAG:
Oggend: 09H00
Aand : 18H00

Saggeus hardloop en klim in die boom om Jesus te sien. Hy is die hooftollenaar van Jerigo - verag deur die Jode en die Romeine. Hy klim in 'n boom om die Here te sien verbygaan. Die Here draai om en keer sy lewe om. Vandag moet Ek by jou eet - hy word 'n begenadigde mens. Hy word op daardie dag deel van God se ewige toekoms. Ons is begenadig. God kom deur die Woord en die sakrament na ons toe vandag. Luister en reageer op God se Woord van troos, trou en liefde.

**AANDEREDIENS** **Teologiese Student JC Potgieter**

**Skriflesing** Johannes 6:37-40; Hebreers 10:19-31, 39; 1 Johannes 2:19-20;

**Tema** Almal wat in Christus glo, sal op die laaste dag uit die dood opstaan.



Psalm 138: 1,2,4
Psalm 12: 2,3,6,7 (melodieë van SB 4-8 )
Skrifberyming 1-1: 1,2,3,7

Kan iemand wat tot ware geloof in Jesus Christus gekom het, later verlore gaan? Ons ken almal vriende en familie wat vir ‘n tyd lank of vir baie jare deel was van ’n kerk en vasgehou het aan Jesus Christus, maar nou glo hulle nie meer in nie. Hoekom gebeur dit? Gaan hulle nogsteeds van God se oordeel gered word of nie? Gaan God hulle terugbring na Sy kerk?
Te midde van hierdie vrae bied God se Woord vir ons een vaste antwoord: Niemand wat aan God behoort en in Jesus Christus glo, sal verlore gaan nie.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **24 Februarie** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Thusofonds |
| **25 Februarie** | **18:00** | Bedieningskommissievergadering. | |
| **01 Maart** | **18:00** | Susters : Padkafee | |
| **02 Maart** | | Dopperdoorfees | |

# KATKISASIE



Daar is katkisasie direk na die erediens. Al die jongmense moet asseblief in die konsistorie bymekaar kom vir die opening. Ons tyd is baie beperk, so ons vra dat julle asseblief vinnig sal maak sodat ons kan begin met die lesse.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 24 FEB 2019

**Diensbeurt:** Wyk C2

**Katkisasie:** Graad 6

**Ouderling:** Cassie Carstens

**Diaken:** -

# OOG VIR MEKAAR

- Baie geluk aan Theyman en Simone Jongbloed met Theyman Kirk se doop. Aan die oumas en oupas 'n woord van hartlike geluk. Ons verwelkom ook al die besoekers vandag hier saam met ons.
- Ons bid vir Lida Borman wat chemo behandeling ontvang
- Tannie Hester Venter is tans nog in die hospitaal
- Ons bid vir Santjie Bester wat weer onder behandeling is
- Ons bid vir ons ouer lidmate
- Ons bid vir elkeen wat swaar tye ondervind in verhoudings, maar ook met ander lewensomstandighede. Mag God julle deur Sy Helige Gees lei en julle die krag gee om staande te bly en uiteindelik die lig in Christus te omhels.

# ALGEMEEN

- ⇒ Gewillige “Buddy’s” vir die Koningskinderskamp is nog steeds welkom.
- ⇒ Daar word ‘n koordineerder gesoek om te help met die kos van die Koningskinders op Donderdae – ons wissel beurte maandeliks af met Noord gemeente, vakansies uitgesluit. Kontak Ds Sarel indien u belangstel.
- ⇒ Susters wat die Sustersaamtrek gaan Bywoon—betaal asb julle gelde by Comin vd Walt so spoedig as moontlik.
- ⇒ Ons herinner die susters, van die name wat op die bord is, wat eetgoed moet voorsien en skink op die kerkraadsvergaderings die jaar.

# DOPPERDOORFEES 2019

Dopperdoorfees Dv. 2 Maart 2019. Ons nooi almal uit. Dit gaan ’n lekker interkerklike saamkuier wees. Ons begin die dag vanaf 9H00 die oggend. Die potjiekos mense kan dan begin regmaak en saam kuier. Die vasvrae sal 10H00 gebeur.
Die potjiekos gaan nie meer ’n kompetisie wees nie maar net een groot saamkuier. Ons soek soveel as moontlik mense om die dag saam ons te kom kuier. Die Wafelhuis sal ook weer daar wees vir ’n koffie en iets lekkers.

# EVANGELIESASIEKOMMISSIE

Daar is oudiodagstukke vir huisbediendes en werkers in Engels/Sotho beskikbaar.

Indien u belangstel, kontak André Bakker per whatsapp 083 457 1711.

# TEESKINKBEURTE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **24 Februarie** | Adri Venter | B2 | **10 Maart** | Karin du Rand | C1 |
| | Carien Venter | B4 | | Larochelle du rand | C1 |
| | Benita Barkhuizen | A3 | | Magda Heinlein | C1 |
| | Rietha Carstens | A4 | | Rika Jongbloed | C1 |
| | Lynn-Marie Combrink | A4 | | Gerdien Kuijpers | C1 |



**ster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met ’n ander suster uit asseblief!**

## SILWERDOPPERS KOEKSISTER PROJEK

Ons beoog om koeksisters te bak op Saterdag 30 Maart 2019 ten bate van die Silwerdoppers en skenkings uit die gemeente sal waardeer word. Op die kennisgewingbord is 'n lys van bestanddele wat benodig word. Skryf gerus u naam daarop. Hulp sal ook waardeer word. Kontak asseblief vir Dina Vermeulen by tel 0823094418 vir enige navrae of onduidelikheid.

## DOPPERDIENS

Ons wil graag 'n blaadjie in die gemeente beskikbaar stel vir dienste wat ons lidmate in die gemeente kan lewer. Enige lidmaat wat enige diens verrig is welkom om in die Dopperdiens te adverteer. Daar is geen kostes aan verbonde nie. Stuur dit na die kantoor: admin@gereformeerd.co.za in besigheidskaartjie grootte. Ons sal die blaadjie saamstel en in die gemeente beskikbaar stel as vinnige naslaan van dienste/besighede

## OPGENEEM IN DIE GEMEENTE

Hartlik welkom aan ons nuwe Lidmate :

Br. Craig Robbert Adams

| | | |
|---|---|---|
| Kontaknommer: | 082 798 0329 | |
| Wyk: | D1 Bendor | |
| Diaken: | Estelle Snyman | 082 414 3795 |
| Ouderling: | Phillip Snyman | 083 463 1134 |

Sr. Dolores (Dolly) Geldenhuys.

| | | |
|---|---|---|
| Kontaknommer: | 072 082 5334 | |
| Wyk: | B3 Pemps | |
| Diaken: | Comin Vd Walt | 084 438 6872 |
| Ouderling: | Hendrik Vd Walt | 072 200 1100 |

# GESKIEDENIS VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN PIETERSBURG.[7]

Na ds. de Klerk se vertrek uit die Pietersburg gemeente in 1941 word ds Jacs van Rooy beroep. Hy neem die beroep aan en word op 30 Januarie 1942 deur sy pa ds. J.A. van Rooy in Pietersburg bevestig. Ds. van Rooy kom in die gemeente aan met sy drie kinders nadat hy sy vrou aan die dood afgestaan het tydens sy bediening in Ventersburg. Hy tree tydens sy bediening in Pietersburg weer in die huwelik met Sannie Cloete van Soekmekaar.

Ds. van Rooy arbei in die gemeente tot Oktober 1946 waarna hy 'n beroep na Krokodilrivier naby Brits aanvaar.

Gedurende die bedieningstydperk van ds. van Rooy het die gemeente weereens baie gesukkel met die kerk se finansies. Op verskeie kerkraadsvergaderings is planne beraam om bydraes te verbeter en so is daar onder meer besluit dat die dorpswyke se bydraes maandeliks ingesamel moet word.

Ds. van Rooy is ook gedurende sy ampstermyn genader om vir twee maande by die Siloam sendingstasie te gaan uithelp. Die kerkraad het egter die versoek afgekeur en gewaarsku dat indien hy dit sou doen, daar skeuring in die gemeente sou kom. Daar is ook in die tyd besluit dat ds. Hugo du Plessis wat die sendingleraar op Siloam was ook nie in die gemeente mag preek nie. Eers in die tyd van ds. Cachet is daar weer besluit dat alle predikante, ook sendingleraars, in die gemeente mag preek.

Na ds. van Rooy se vertrek beroep die gemeente nege keer voordat ds. C.E. Malan in 1949 die beroep na die Pietersburg aanneem.



Foto : Ds. C.E. Malan

[Volgende keer meer oor die tydperk na 1949]

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.
**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER

## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Belydend/ Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| So.– 24 Feb. | Ruben Kruger<br>Pieter Nieuwoudt<br>Johnny O'Reilly * | B<br>B<br>B | 083 383 6196<br>073 416 1297<br>082 854 9151 |
| Ma. - 25 Feb. | Lize Combrink<br>Harriet Kruger<br>Kudu Pretorius | D<br>B<br>B | 073 318 8142<br>076 394 1396<br>082 929 9751 |
| Di. - 26 Feb. | Daleen Coetsee<br>Heinrich Grobler<br>Marius Thiart | B<br>D<br>B | 079 490 2678<br>015 295 8820<br>082 853 4434 |
| Wo. - 27 Feb. | Wynand Kleingeld<br>Peter O'Reilly | B<br>D | 073 416 4306<br>082 421 6982 |
| Do. - 28 Feb. | Herman Van Ree | B | 082 672 2511 |
| Vr. - 01 Mrt. | Dirk Korff<br>Anrike Nagel<br>Elma Venter * | D<br>D<br>B | 082 802 3740<br>015 296 4305<br>082 803 4740 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 26 Feb. 2011 | Magda & Dirk Heinlein | 8 | 076 340 9008<br>083 281 0772 |
| 26 Feb. 2005 | Alfrieda & Dawie Lessing | 14 | 083 636 4057<br>083 627 4751 |
| 28 Feb. 2009 | Martin & Nadia Ras | 10 | 082 904 6601<br>073 106 0600 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Elzánne Botha |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg-Suid** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"En dit is die wil van Hom wat My gestuur het: dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie, maar hulle almal op die laaste dag uit die dood sal laat opstaan."*

*Johannes 6 : 39*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS